



Jesus Leef en ons met Hom

## 1. Kontak met mekaar

Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

### Ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

*Vertel van 'n keer toe jy soos 'n slaaf gevoel het, of vertel van iemand wat vir jou groot vreugde en bemoediging gebring het.*

## 2. Kontak met God

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem.

Lees **Psalm 139: 1-6, 13-16** as 'n gebed.

Dink na oor wie jy is in God se oë. En onthou, God kyk so na elke mens wat jou pad kruis.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings van die afgelope week. Dank God daarvoor.

## 3. Kontak met die Woord

Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan **die teksgedeelte**. Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

### Gesels oor die volgende:

- ✓ Wat leer ons oor Paulus, die skrywer van die brief?
  - † Oor Filemon, die ontvanger van die brief?
  - † En oor Onesimus, die onderwerp van die brief?
- ✓ Vergelyk vers 1 en vers 17. Wat is betekenisvol daaraan?
- ✓ Wat leer ons oor vergifnis en versoening in die brief?
- ✓ Wat hoor ons in vers 19b oor die rede waarom ons moet vergewe?
- ✓ Vertel van 'n keer waar jy ervaar of gesien het hoe liefde en vergifnis verhoudings verander het.
- ✓ NT Wright sê in Filemon sien ons dat "*The way of the empire is not the way of Christ.*" Wat dink julle bedoel hy hiermee?
- ✓ Hoe word Filemon en Onesimus se status verander?
  - † Watter lesse kan ons hieruit leer oor die ongelikheid wat daar in ons land tussen mense bestaan?
  - † En watter reaksie vra dit van ons?
- ✓ In die lig van vers 7, hoe kan julle liefde groot vreugde en bemoediging bring in die lewe van ander?

## 4. Bedien mekaar:

Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf. Dra die gebedsversoeke aan God op. Sluit af met gesamentlike gebed.

**Vir die begeleier:** Hierdie kort briefie is 'n pragtige voorbeeld van genade en takt, en toon vir ons duidelik hoe Christus se krag 'n mens se lewe en sy verhouding met ander heeltemal kan omvorm. In die brief pleit Paulus by Filemon om nie teen sy slaaf Onesimus op te tree nie.

Dink aan dat die karakters van die brief in eenvoudige taal. Paulus is die skrywer van die brief, maar hy is in die gevangenis. Hy skrywe 'n brief aan Filemon, 'n vriend van hom en 'n lidmaat van die gemeente in Kolosse.

Paulus het op een of ander manier vriende gemaak met Onesimus. Maar Onesimus was in die moeilikheid want hy is 'n slaaf van Filemon wat weggeloop het- hy kon doodgemaak word daarvoor. En dan stuur Paulus die slaaf terug na sy eienaar met die versoek dat hy die weggeloopte slaaf sal vergewe.

Vir ingeval almal nie Bybels bring nie. Maak 'n paar fotostate van die teksgedeelte en neem dit saam. Dis ook altyd insiggewend om verskillende vertalings van die teks te lees.